

Wêreldoseanedag: Ontwaking van Afrika se Blou Ekonomie

Francis Vorhies*

Die tema van [Wêreldoseanedag 2024](#) op 8 Junie was “Laat Nuwe Dieptes Ontwaak”. Een van die sleutelonderwerpe van die dag was die Blou Ekonomie en die Verenigde Nasies het ’n paneelbespreking gereël wat ’n ekonomiese benadering tot die oseane ondersoek het. In die lig van vanjaar se tema moet ons onself ’n baie belangrike vraag afvra: Is Afrika se Blou Ekonomie aan die ontwaak?

Vroeg in 2018 het Afrika ’n leiersrol in die bevordering van die Blou Ekonomie geneem toe Kenia die wêreld se eerste Volhoubare Blou Ekonomie-konferensie aangebied het. In die [Konferensieverslag](#) is opgemerk:

Die Blou Ekonomie bied baie geleenthede in die diepsee, maar geen Afrika-land het hierdie geleenthede aangegryp nie.

Meer as 60% van Afrika se bevolking is jonger as 25 jaar en Afrika beskik gevolglik oor ’n mensekapitaal-goudmyn. Met die toepaslike sensitiserig, opleiding en as hulle deel van die hoofstroom gemaak word, sal dit die vasteland in staat stel om die voordele van die Blou Ekonomie volhoubaar deur werk en welvaartskepping te pluk.

Na afloop van die konferensie in 2019 het die Afrika-unie (AU) die [Afrika-strategie vir ’n Blou Ekonomie](#) bekend gestel, wat oseangebaseerde geleenthede van sleutelbelang benadruk, met inbegrip van visserye, skeepvaart, blou energie, kustoerisme en blou koolstof. Die strategie het ook kennis geneem van bande met die Afrika- Kontinentale Vryhandelsgebied en die potensiaal om die oseane te gebruik om “goedere en dienste sonder beperkings tussen AU-lidlande te verskuif”.

In ’n Wêreldbankverslag in 2022 oor [Blou Ekonomie in Afrika](#) word verder gegaan:

Afrika se Blou Ekonomie het die potensiaal om die vasteland se toekomstige ekonomiese en volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Die Blou Ekonomie is die kern van ekonomiese ontwikkeling en mededingendheid vir Afrika-kuslande. Werkskeppende ekonomiese sektore soos toerisme en voedselproduksiesektore soos visserye is afhanklik van ’n skoon en gesonde kusomgewing. Ekostelselbydraes van mangliete en kushabitatte, waarvan kusbevolkings afhanklik is, kan deur nuwe inkomstegenererende instrumente soos blou koolstof ondersteun word.

Ons sien tans ’n toenemende fokus deur Afrika-regerings op die potensiaal vir die Blou Ekonomie. Kenia se [Blou Ekonomie-strategieplan](#) het byvoorbeeld ten doel “om ’n omgewing te skep wat bevordelik vir belegging is, volhoubare bestuur en ontwikkeling

van die Blou Ekonomie-sektor te fasiliteer” en “om visproduksie en viswaardetoevoeging te verbeter en daardeur plaaslike deelname aan en belegging in die Blou Ekonomie te bevorder”.

Nigerië het ’n [Federale Ministerie van Mariene en Blou Ekonomie](#) tot stand gebring met ’n mandaat om “Mariene en Blou Ekonomie as ’n belangrike pilaar vir ekonomiese lewensmiddele en groei diversifikasie met inagneming van die ekostelsel te institusionaliseer.” Dit sluit in om “selfversorgend in vissery en visprodukte en ’n netto uitvoerder van vis en visprodukte na ander lande te word”.

In Suid-Afrika sluit ’n [Konsep- Nasionale Biodiversiteitekonomiestrategie](#) van 2024 ’n doelwit in oor die “verbruiking van wilde en geproduseerde mariene en varswaterhulpbronne wat inklusiewe sosio-ekonomiese kusontwikkeling bevorder”. Dit sluit in die ontwikkeling van ’n volhoubare oesstrategie vir mariene visserye en die bevordering van transformerende waardekettings”.

As ons kyk na die [grootte van Afrika se Eksklusiewe Ekonomiese Sone](#) (EES) – 200 seemyl van die kus af – in die Atlantiese en Indiese Oseaan sowel as die Middellandse See en Rooi See – kan ’n mens die potensiaal vir die volhoubare bestuur van hierdie gebied en die oes en handel van die mariene hulpbronne in hierdie gebied visualiseer. Volgens [ramings van die Afrika-unie](#) kan die vasteland se Blou Ekonomie teen die einde van die dekadde \$400 miljard werd wees.

Gedagtig aan die tema van vanjaar se Wêreldoseaandag – “Laat Nuwe Dieptes Ontwaak” – kan ’n mens jou net indink watter nuwe ekonomiese geleenthede uit hierdie ontsaglike natuurlike bate kan voortspruit. Een so ’n geleentheid vir Afrika se EES is oseaangebaseerde koolstofdoksiedverwydering.

Die [World Resources Institute](#) verduidelik dat “oseaan-koolstofverwyderingsbenaderings ten doel het om natuurlike biologiese of chemiese prosesse wat koolstof in die see absorbeer en berg te verbeter of te versnel.” Daar is verskeie moontlike benaderings, waarvan die meeste in die ontwikkeling stadium is. Een benadering is egter reeds goed in Afrika gevestig – die absorbering van koolstof deur kusvleiland-herstelprojekte.

Meer as ’n dekade gelede het die groot Franse voedselmaatskappy Danone in vennootskap met die Ramsar-vleilandekonvensie en die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur ’n enorme mangliet-herstelprogram in [Senegal](#) onderneem – ongeveer 8 000 ha is gerestoureer, 80 miljoen bome is geplant en 500 000 ton koolstof is geabsorbeer. Aan die ander kant van die vasteland, aan die suidkus van Kenia, is ’n kleinskaalse mangliet-koolstofprojek, [Mikoko Pamoja](#), begin. Dit toon dat kugemeenskappe die potensiaal het om koolstofkrediete aan die internasionale mark te verskaf. Daar is enorme potensiaal vir die vervaardiging en verkoop van koolstofkrediete deur die beskerming van Afrika se mangliete en seegrassie en deur hulle toe te laat om weer wild te groei.

Die potensiële geleentheid vir afluandige koolstofdioksiedverwydering kan selfs groter wees. [Ocean Visions](#) ontwikkel byvoorbeeld padkaarte met sommige van die tegnologieë wat in die oseane gebruik kan word om aansienlike hoeveelhede koolstof uit die atmosfeer te verwyder. Dit sluit in elektrochemiese koolstofdioksiedverwydering, makro-algeverbouing en die verbetering van die alkaliniteit van die see. Dink aan groot seewierplase wat langs die kus van Afrika dryf.

Sommige van die koolstofdioksiedverwyderingstegnologieë word tans getoets, ofskoon met 'n mate van kommer oor potensiële risiko's vir mariene ekosisteme en wilde spesies. Dit is heel waarskynlik dat seegebaseerde koolstofdioksiedverwyderingstegnologieë in Afrika se EES of in die oop see net anderkant die EES getoets sal word. Gevolglik sal Afrika se blou-ekonomiesstrategieë en -beleide toenemend die potensiële geleentheid en risiko's van hierdie ontwikkelende benaderings tot koolstofvermindering moet aanpak.

Daar is 'n groeiende belangstelling om die Blou Ekonomie regoor Afrika te vergroot. Geleentheid sluit in die oes van mariene spesies, skeepvaart, kustoerisme, hernubare energie en die absorbering van koolstof. Soos wat die ekonomie groei en diversifiseer, sal daar ook 'n toenemende behoefte wees om te verseker dat die verskillende gebruike van die oseane volhoubaar is. Afrika se Blou Ekonomie is inderdaad besig om te ontwaak en behoort met robuuste standaarde en regulasies 'n groot bydraer tot die vasteland se volhoubare ontwikkeling te word.

*** Dr Francis Vorhies is die Direkteur van die Instituut vir Afrika-wildlewe-ekonomieë aan die Universiteit Stellenbosch.**